

MUNISIPALE KENNISGEWINGS — MUNICIPAL NOTICES

*M.K. 151, 1992

13 Augustus 1992

REGSTELLING: MK 89 VAN 1992

HIERBY word vir algemene inligting bekend gemaak dat Munisipale Kennisgewing No. 89 soos op 25 Junie 1992 gepubliseer as volg reggestel moet word:

Deur die vervanging in die Engelse weergawe van die datum "2 July 1992" deur die datum "25 June 1992".

Deur die vervanging van gedeelte 12.1(f) deur die volgende:

(f) Bomag-roller, per uur of deel daarvan R65,00

Onderhewig aan die volgende voorwaardes:

Alle toerusting word met 'n bestuurder en/of operateur verhuur.

Alle vorderings sluit die bestuurder en/of operateur in, maar nie enige bykomende arbeid wat vir die werk nodig is nie.

Alle vorderings sluit die opstel en skoonmaak van toerusting in.

Geen materiaal word verskaf nie.

Geen toesig word voorsien nie en geen verantwoordelikheid word vir die kwaliteit van die werk aanvaar nie.

Hierdie klousule is nie van toepassing wanneer die Munisipaliteit werk onder kontrak verrig nie.

Die huurder is aanspreeklik vir enige skadevergoedings of ongeluks-eis wat nie deur die Raad se eie versekering gedek is nie.

All toerusting word slegs van Maandae tot Vrydae tydens normale werkure verhuur.

Met die byvoeging van deel 1.5(4) soos volg:

(4) vir die behandeling van geringe kwale by die Raad se klinieke R1,00

minder as die heersende fooi betaalbaar by die Provinsiale Hospitale.

G.J. HENDERSON
Uitvoerende Hoof/Stadsklerk

*M.N. 151, 1992

13 August 1992

CORRECTION: M.N. 89 OF 1992

It is hereby notified for general information that Municipal Notice No. 89 of 1992 published on 25 June 1992 should be corrected as follows:

By the substitution in the English version for the date "2 July 1992" of the date "25 June 1992".

By the substitution for part 12.1(f) of the following:

(f) bomag roller, per hour or part thereof R65,00

Subject further to the following conditions:

All plant to be hired with a driver and/or operator/s.

All charges to be inclusive of the driver and/or operator/s, but excluding any additional labour necessary for the operation.

All charges to include setting up and cleaning of the plant.

No materials to be supplied.

No supervision to be provided and no responsibility accepted for the quality of the work undertaken.

This clause is excluded should work be contracted to the Municipality.

The hirer to be responsible for any claim for damage, or accident not covered by the Council's insurance.

All plant to be hired out from Monday to Friday during normal working hours only.

By the addition of part 1.5(4) as follows:

(4) for the treatment of minor ailments at Council clinics R1,00

below the ruling rate charged by the Provincial Hospitals.

G.J. HENDERSON
Chief Executive/Town Clerk

*M.K. 152, 1992

13 Augustus 1992

STAD PIETERMARITZBURG

VERORDENINGE BETREFFENDE PIETERMARITZBURG SE DORPVOETSLAANPAAIE EN BEWARINGSGBIEDE

DIÉ Stadsraad van die Stad Pietermaritzburg het ingevolge artikel 268 van die Ordonnansie op Plaaslike Owerhede, 1974 (Ordonnansie 25 van 1974), onderstaande verordeninge aangeneem.

Definisies

1. In hierdie verordeninge, tensy die samehang anders aandui, beteken

"beampte" 'n werknemer van die Departement van die Stadsingenieur, Departement van die Elektroniese Stadsingenieur, Brandweerafdeling, Verkeers- en Sekuriteitsafdeling of Departement van Parke en Ontspanning, handelende in die loop en binne die bestek van sy indiensneming;

"bewaringsgebied" enige stuk grond wat deur die Raad besit word by hom berus of onder sy beheer is en wat deur die Raad tot 'n bewaringsgebied verklaar is en wat omskryf word in bylae II by hierdie verordeninge en wat afgebaken is deur middel van tekens ten effekte dat dit in 'n bewaringsgebied is;

"dier" 'n gewerwede of ongewerwede dier met inbegrip van voëls, visse en insekte, hetsy dood of lewend, wat behoort tot 'n spesie wat nie 'n huisdier is nie en sluit die eier of enige deel van sodanige dier in;

"Direkteur van Parke" die beampte van die Raad wat in sodanige pos in die Raad se diens aangestel is of, in sy afwesigheid, die waarnemende dikekteur;

"dorpvoetslaanpad" 'n roete vir die deurgang van mense vir ontspanningsdoeleindes, besigtiging of dergelike meer binne die regsgebied van die Raad, soos omskryf in bylae I by hierdie verordeninge en sluit in, benewens die baan van sodanige roete, 'n oppervlakte van 5 m breed aan elke kant van sodanige baan.

"dorpvoetslaanpadteken" 'n teken opgerig by of op 'n dorpvoetslaanpad en kan enige toestel insluit wat sodanige voetslaanpad identifiseer en inligting verskaf omtrent die rigting en lengte daarvan;

*M.N. 152, 1992

13 August 1992

CITY OF PIETERMARITZBURG

PIETERMARITZBURG TOWN TRAILS AND CONSERVATION AREAS BYLAWS

THE City Council of the City of Pietermaritzburg, has in terms of section 268 of the Local Authorities Ordinance, 1974 (Ordinance 25 of 1974), adopted the subjoined bylaws.

Definitions

1. In these bylaws unless the context indicates otherwise—

"animal" means any vertebrate or invertebrate, including birds, reptiles, fish and insects, whether alive or dead, belonging to a species which is not a domestic species and includes the egg or any part of such animal;

"conservation area" means any piece of land owned by, vested in or under the control of the Council which is declared to be a conservation area by the Council and is described in Schedule II to these bylaws and demarcated by means of signs to be a conservation area;

"Council" means the Pietermaritzburg City Council;

"Director of Parks" means the official of the Council appointed to that post in the Council's service or, in his absence, the Acting Director;

"officer" means any employee of the City Engineers' Departments, City Electrical Engineer's Department, Fire Division, Traffic and Security Division or Parks and Recreation Department acting the course and scope of his employment;

"town trail" means a route for the passage of persons for the purpose of recreation, sightseeing or the like, within the area of jurisdiction of the Council, as described in Schedule I to these bylaws and in addition to the track of such route includes an area 5 m wide on each side of such track;

"town trail sign" means a sign erected at or on any town trail and may include any device identifying such trail and providing information as to its direction and length;

"plantegroei" ook mos, korsmos, swamwortels, bolle, bas, vrugtesade, asook humus en vergane plantaardige stof;

"Raad" die Stadsraad van Pietermaritzburg;

"voertuig" ook 'n trapfiets, motorfiets van watter tipe en grootte ook al, asook 'n voertuig wat deur diere getrek word;

"wapen" 'n vuurwapen of ander wapen of toestel waarmee 'n projektiel so aangedryf kan word dat dit 'n dier kan dood, beseer of immobiliseer, die ammunisie vir 'n vuurwapen en 'n projektiel vir gebruik in verband met sodanige wapen of toestel en enige chemikalie of preparaat vir gebruik in verband met sodanige projektiel.

2. (a) Geen dorpvoetslaanpad of bewaringsgebied is vir die publiek toeganklik nie, behalwe kragtens 'n besluit van die Raad.
- (b) Met die oopstelling van 'n dorpvoetslaanpad of bewaringsgebied vir die publiek, kan die Raad—
 - (i) toegang daartoe beperk tot die houers van permitte uitgereik deur die Direkteur van Parke;
 - (ii) die getal permitte wat uitgereik mag word ten opsigte van 'n dorpvoetslaanpad of bewaringsgebied beperk, en
 - (iii) 'n vordering hef ooreenkomstig die vorderings voorgeskryf in die Raad se kostetarief vir toegang na 'n dorpvoetslaanpad of bewaringsgebied.
- (c) Niemand mag 'n dorpvoetslaanpad of bewaringsgebied wat nie vir die publiek oopgestel is nie, binnegaan of daarin of daarop vertoef nie, behalwe met die voorafgaande toestemming van die Direkteur van Parke en behoudens sodanige voorwaardes wat hy mag opleë.
- (d) Niemand mag 'n dorpvoetslaanpad of 'n bewaringsgebied wat vir die publiek toeganklik is, binnegaan of daarop of daarin vertoef nie, tensy en alvorens enige toegangsgeld wat in die Raad se kostetarief voorgeskryf is, betaal is.

Ten opsigte van 'n dorpvoetslaanpad of bewaringsgebied wat ingevolge artikel 2(a) vir die publiek toeganklik is, kan die Direkteur van Parke—

- (a) die plekke bepaal waar mense sodanige voetslaanpad of bewaringsgebied mag binnegaan en/of verlaat;
 - (b) die dae en tye van die dag bepaal waartydens sodanige dorpvoetslaanpad of bewaringsgebied vir die publiek toeganklik is;
 - (c) daardie dele van sodanige dorpvoetslaanpad of bewaringsgebied bepaal waartoe die publiek nie toegang het nie; en
 - (d) tekens oprig om die tye, dae of plekke aan te dui wat deur hom ingevolge paragrawe (a), (b) of (c) bepaal is.
4. Niemand mag enige rigting bevat in 'n teken wat ingevolge artikel 3 opgerig is, verontagsaam of strydig daarmee handel nie.
 5. Niemand mag opsetlik enige van die volgende dinge in of op 'n dorpvoetslaanpad of bewaringsgebied doen of laat doen nie:
 - (a) 'n voertuig bestuur, behalwe op paaie wat vir die doel deur die Raad voorsien is;
 - (b) vloek, skreeu, baklei of enige harde geluid maak wat die vrede moontlik kan versteur;
 - (c) in besit wees van of 'n musiekinstrument, radio of platespeler of iets dergelyks gebruik sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van die Direkteur van Parke;
 - (d) 'n dooie dier, afval of vullis van enige aard weggooi of aflaai behalwe in 'n vullishouer wat vir die doel deur of namens die Raad voorsien word;
 - (e) in besit wees van 'n wapen of ploftoestel of plofstof of dit gebruik;
 - (f) glas breek of enige voorwerpe of stowwe wat mens, plante of diere moontlik kan beseer, stort;
 - (g) plantegroei vernietig, beskadig, verwyder, pluk of andersins versteur behalwe in opdrag van die Direkteur van Parke;
 - (h) klippe of grond, behalwe soos gedoen word wanneer daar op 'n normale manier geloop word, verwyder of verplaas of enigiets op enige voorwerp verf of krap;
 - (i) 'n spruit, watertoep of riool wegkeer of dit andersins versteur;
 - (j) in 'n spruit, dammetjie, opgaardam of dam baai of plas;
 - (k) enige smeulende of brandende voorwerp weggooi of 'n vuur aansteek of enigiets doen om die verspreiding van vuur aan te help;
 - (l) 'n dier dood, jag, jaag, beseer, vang, verwyder of andersins versteur;
 - (m) 'n dier daarin voer;
 - (n) 'n nes of dierebroeiplek, hetsy beset al dan nie, vernietig, beskadig, verwyder of andersins versteur;

"vegetation" includes moss, lichen, fungi roots, bulbs, bark, fruit seeds and also humus and dead vegetable matter;

"vehicle" includes any pedal cycle, motor cycle of whatever type and size, and any vehicle drawn by animals.

"weapon" means a firearm or other weapon or implement with which a projectile can be so propelled that it can kill, injure or immobilise an animal, the ammunition for a firearm and any projectile for use in connection with such weapon or implement and any chemical or preparation for use in connection with such projectile.

2. (a) No town trail or conservation area shall be open to the public except by resolution of the Council.
 - (b) In opening any town trail or conservation area to the public the Council may—
 - (i) restrict admission thereto to the holders of permits issued by the Director of Parks;
 - (ii) restrict the numbers of permits which may be issued in respect of any town trail or conservation area, and
 - (iii) make a charge, in accordance with the charges prescribed in the Council's tariff of charges, for admission to any town trail or conservation area.
 - (c) No person shall enter or remain on or in any town trail or conservation area which has not been opened to public except with the prior consent of the Director of Parks and subject to such conditions as he may impose.
 - (d) No person shall enter or remain on or in any town trail or conservation area open to the public unless or until any admission charge prescribed in the Council's tariff of charges has been paid.
3. In respect of any town trail or conservation area opened to the public in terms of bylaw 2(a), the Director of Parks may—
 - (a) determine the places at which persons may enter and/or leave such town trail or conservation area;
 - (b) determine the days and times of the day during which such town trail or conservation area shall be open to the public;
 - (c) determine those parts of such town trail or conservation area to which the public shall not have access; and
 - (d) erect signs to indicate the times, days or places determined by him in terms of paragraphs (a), (b) or (c).
 4. No person shall ignore or act contrary to any direction contained in a sign erected in terms of bylaw 3.
 5. No person shall wilfully do or cause to be done any of the following things on or in any town trail or conservation area:
 - (a) drive any vehicle, except on roads provided for the purpose by the Council;
 - (b) swear, shout, quarrel or make any other loud noise likely to disturb the peace;
 - (c) be in possession of or use any musical instrument, radio or record player or the like without the prior written consent of the Director of Parks;
 - (d) discard or dump any dead animal, litter or rubbish of any description otherwise than in a refuse receptacle provided for the purpose by or on behalf of the Council;
 - (e) be in possession of or use any weapon or explosive device or explosive material;
 - (f) break any glass or deposit or scatter any objects or substances likely to injure persons, plants or animals;
 - (g) destroy, damage, remove, pluck or otherwise interfere with any vegetation other than at the direction of the Director of Parks;
 - (h) remove or displace any rock or soil, save as may be done in the ordinary course of walking, or paint, draw or scratch anything on any object;
 - (i) divert or otherwise interfere with the course of any stream, watercourse or drain;
 - (j) bathe or paddle in or pollute any stream, pond, reservoir or dam;
 - (k) discard any smouldering or burning object or light any fire or do anything to facilitate the spread of fire;
 - (l) kill, hunt, chase, injure, capture, remove or otherwise disturb any animal;
 - (m) feed any animal therein;
 - (n) destroy, injure, remove or otherwise disturb any nest or animal breeding place whether occupied or not;

- (o) bome, struik of ander plante sonder die voorafgaande toestemming van die Direkteur van Parke plant;
 - (p) enige tekens, hekke, heinings, bakens of ander werke wat deur of namens die Raad gemaak of opgerig is, vernietig, beskadig, verander, skuif of verwyder;
 - (q) in die openbare urineer of enige dronk, onbetaamlike of onwelvoeglike daad verrig, of
 - (r) piknik hou behalwe op 'n plek wat die Raad vir daardie doel opsygesit het.
6. Enigeen op of in 'n dorpsvoetslaanpad of bewaringsgebied wat vergesel word deur of toesig het oor 'n kind jonger as 16 jaar, moet alle redelike stappe doen om te verseker dat sodanige kind nie hierdie verordeninge oortree nie.
7. Enigeen op 'n dorpsvoetslaanpad moet —
- (a) 'n hond wat deur hom op 'n dorpsvoetslaanpad geneem word, aan 'n leitou hou en moet verhoed dat sodanige hond op enige mens of dier afstorm of hom of dit beseer;
 - (b) die opdragte van enige beamppte gehoorsaam;
 - (c) indien hy 'n perd, muil of donkie ry of lei, dit onder behoorlike beheer hou en mag nie, wanneer hy dit ry, dit doen op 'n wyse wat gevaarlik is vir lede van die publiek wat sodanige dorpsvoetslaanpad of bewaringsgebied gebruik nie.
8. (1) Die Direkteur van Parke kan enige tekens wat hy nodig ag, oprig vir die inligting van die publiek wat die dorpsvoetslaanpaaie of bewaringsgebiede gebruik.
- (2) Die Direkteur van Parke kan sodanige tekens wat hy nodig ag om die gedrag van mense op of in 'n dorpsvoetslaanpad of bewaringsgebied te reguleer, oprig ten einde uitvoering te gee aan die vereistes van hierdie verordening.
9. Niemand mag 'n dier, met inbegrip van 'n huisdier, maar behalwe perde in 'n bewaringsgebied bring of enige dier, met inbegrip van 'n huisdier in sy sorg toelaat om sodanige gebied binne te gaan of daar te bly nie; met dien verstande dat waar 'n openbare pad deur 'n bewaringsgebied loop, sodanige hond of ander huisdier of troeteldier beperk moet word tot 'n voertuig onder die beheer van sodanige persoon terwyl hy deur die bewaringsgebied gaan.
10. Enigeen wat enige van hierdie verordeninge oortree is aan 'n misdryf skuldig en stel hom bloot aan die boetes voorgeskryf in artikel 266 (7)(a) van die Ordonnansie op Plaaslike Owerhede, 1974 (Ordonnansie 25 van 1974); met dien verstande dat geen beamppte wat hierdie verordeninge oortree 'n misdryf begaan indien sodanige oortreding nodig was vir die behoorlike uitvoering van sy pligte nie. Die voorbehoudsbepaling by hierdie artikel is mutatis mutandis van toepassing ten opsigte van enige kontrakteur van die Raad wanneer hy enige handeling verrig wat nodig is vir die behoorlike nakoming van sy kontrak met die Raad.
11. Indien hierdie verordeninge strydig is met die bepalings van enige ander verordening, geld die bepalings van hierdie verordening.

BYLAE I

Naam van voetslaanpad	Roete	Benaderde lengte
Dorpspruit	Van 'n punt aangrensend aan Robertsweg tot by 'n punt aangrensend aan Tomlinsonweg met 'n tak van die ou klipgroef tot by Villiersrylaan.	
Ferncliffe Water-voetslaanpaaie	Van die Ferncliffe pikniekterrein tot by Bosbokdam en sluit die volgende damme in: Kingfisher, Boulder, Hammerkop, Yellowbill, Dassie, Eagle en Porcupinepoel.	
Laer-Linwood	Van die einde van Linwoodrylaan tot by 'n aansluiting op die World's View Voetslaanpad met die Wylie Voetslaanpad.....	2,8 km
	met 'n tak tot by die begin van die Teteluku Voetslaanpad	1,5 km
Montrose	Van 'n punt aangrensend aan Howickweg tot by 'n aansluiting op die World's View Voetslaanpad met die Bo-Linwood Voetslaanpad	1,1 km
Teteluku	Van 'n punt aangrensend aan Celtisweg tot by 'n punt aangrensend aan World's View-weg	3,4 km
	met 'n tak tot by 'n tweede punt aangrensend aan Celtisweg	1,3 km

- (o) plant any trees, shrubs or other plants without the prior consent of the Director of Parks;
 - (p) destroy, damage, alter, shift or remove any signs, gates, fences, beacons or other works made or erected by or on behalf of the Council;
 - ~~X~~(q) urinate in public or commit any drunken, indecent or obscene act, or
 - (r) picnic otherwise than in an area set aside by the Council for that purpose.
6. Every person on or in a town trail or conservation area who is accompanied by, or has custody of, a child under the age of 16 years shall take all reasonable steps to ensure that such child does not contravene these bylaws.
7. Every person upon any town trail shall —
- (a) keep on a leash any dog brought by him onto a town trail and shall prevent such dog from rushing at or injuring any person or other animal;
 - (b) obey the instructions of any officer;
 - (c) if riding or leading a horse, mule or donkey, keep the same under proper control and shall not, when riding it, do so in a manner dangerous to members of the public using such town trail or conservation area.
8. (1) The Director of Parks may erect any signs he may consider necessary for the information of the public using the town trails or conservation areas.
- (2) The Director of Parks may erect such signs as he considers necessary to regulate the conduct of persons upon or in a town trail or conservation area in order to give effect to the requirements of these bylaws.
9. No person shall take any animal, including any domestic animal, other than horses into a conservation area or allow any animal, including any domestic animal, in his charge to enter or remain in such area; provided that where a public road passes through a conservation area such dog or other domestic animal or pet shall be confined to a vehicle under the control of such person while passing through the conservation area.
10. Any person who contravenes any of these bylaws shall be guilty of an offence and be liable to the penalties prescribed in section 266 (7)(a) of the Local Authorities Ordinance, 1974 (Ordinance 25 of 1974); provided that no officer who contravenes these bylaws shall commit an offence if such contravention was necessary for the proper performance of his duty. The proviso to this bylaw shall, mutatis mutandis, apply in respect of any contractor of the Council when performing any act necessary for the proper fulfilment of his contract with the Council.
11. In the event of conflict between these bylaws and the provisions of any other bylaw, the provisions of these bylaws shall prevail.

SCHEDULE I

Trail name	Route	Approximate length
Dorp Spruit	From a point abutting Roberts Road to a point abutting Tomlinson Road with a branch from old quarry to Villiers Drive.	
Ferncliff Water Trails	From the Ferncliff picnic site to Bushbuck Dam and including the following dams: Kingfisher, Boulder, Hammerkop, Yellowbill, Dassie, Eagle and Porcupine pool.	
Lower Linwood	From the end of Linwood Drive to a junction on the World's View Trail with the Wylie Trail.....	2,8 km
	with a branch to the start of the Teteluku Trail	1,5 km
Montrose	From a point abutting on the Howick Road to a junction on the World's View Trail with the Upper Linwood Trail.....	1,1 km
Teteluku	From a point abutting on Celtis Road to a point abutting on World's View Road.....	3,4 km
	with a branch to a second point abutting on Celtis Road.....	1,3 km

Bo-Linwood	Van 'n punt op die Teteluku Voetslaanpad langs die bedding van die verlate Howick-spoorlyn tot by 'n aansluiting op die World's View Voetslaanpad met die Montrose Voetslaanpad	2,4 km
World's View	Van 'n punt aangrensend aan Voortrekkerweg tot by die World's View toposkoop	2,4 km
Wylie	Van 'n punt op die grens van Wyliepark tot by 'n aansluiting op die World's View Voetslaanpad met die Onder-Linwood Voetslaanpad	1,9 km

BYLAE II

A. Bisley Bewaringsgebied

Bisley Vallei suid van die kringpad en gedeeltes van Restant van Dorpsgrond, Gedeelte van Restant van Lot 1589, Lot 3064, Lot 536 en Lot 3055 van Pietermaritzburg.

B. Ferncliffe Bewaringsgebied

Die Chase Valley platorand begrens aan die noorde deur die munisipale grens, aan die suide deur die bosboukotoerpad (940 meterkotoer), beginnende by 'n punt wat grens aan Town Bushweg, tot by 'n punt aangrensend aan Otto's Bluffweg, aan die weste deur D V Harris Waterwerke en aan die ooste deur Otto's Bluffweg met inbegrip van Lot 169, 177, 270, 400 en 602 van Pietermaritzburg.

Upper Linwood	From a point on the Teteluku Trail along the bed of the abandoned Howick railway to a junction on the World's View Trail with the Montrose Trail.....	2,4 km
World's view	From a point abutting on Voortrekker Road to the World's View Toposcope .	2,4 km
Wylie	From a point on the boundary of Wylie Park to a junction on the World's View Trail with the Lower Linwood Trail.....	1,9 km

SCHEDULE II

A. Bisley Conservation Area

Bisley Valley area south of the ring road and portions of Rem of Townlands, Portion of Rem of Lot 1589, Lot 3064, Lot 536 and Lot 3055 of Pietermaritzburg.


B. Ferncliffe Conservation Area

The Chase Valley escarpment bounded on the north by the Municipal boundary, on the south by the forestry contour road (940 metre contour) beginning at a point abutting on Town Bush Road, to a point abutting Otto's Bluff Road, on the west by DV Harris Water Works and on the east by the Otto's Bluff Road, including Lot 169, 177, 270, 400 and 602 of Pietermaritzburg.

**DETERMINATION OF ADMISSION OF GUILT FINES IN RESPECT OF THE
PIETERMARITZBURG TOWN TRAILS AND CONSERVATION AREAS
BYLAWS**

I, Jonathan Felton Skead, in my capacity as Municipal Prosecutor hereby make the following admission of guilt fine determinations in terms of Section 57(5)(a) of the Criminal Procedure Act 51 of 1977

<u>OFFENCE</u>	<u>ADMISSION OF GUILT FINE</u>
1. Contravention of bylaw 4	- R100,00
2. Contravention of bylaw 5 (a) - (k) and (m) - (r)	- R100,00
3. Contravention of bylaw 5 (l)	- R250,00
4. Contravention of bylaw 7	- R100,00
5. Contravention of bylaw 9	- R100,00


27-10-92

LA : JK

LA/DETERMIN.FIN